**Piet Westra en James C. Armstrong, *Slawehandel met Madagaskar. Die Joernale van die Kaapse slaweskip Leijdsman, 1715***
**Africana Uitgewers, Kaapstad, 2006**
**165 pp**
**ISBN 9780620373678**
**R150.00**

In opvolging van die Van Riebeeck-Vereniging se publikasie van oorspronklike dokumente in verband met slawerny in 2005 volg nog 'n publikasie met 'n besonder seldsame versameling van twee dokumente wat tot een verwerk is. Dit verskyn in die oorspronklike Nederlands met 'n baie goeie Engelse vertaling wat dit vir 'n veel groter leserspubliek toeganklik maak, net soos met die Van Riebeeck-Vereniging publikasie gebeur het. Die twee outeurs is beide mense met 'n lang betrokkenheid by die bewaring en versorging van oorspronklike dokumente. Piet Westra was Direkteur van die Suid-Afrikaanse Biblioteek (tans die Suid-Afrikaanse Nasionale Biblioteek) in Kaapstad en James Armstrong, wat in 2002 aan die Historiese Genootskap se internasionale konferensie op Stellenbosch deelgeneem het, was *Field Director, Library of Congress* en iemand wat heelwat oor slawehandel geskryf het.

Die twee dokumente wat hierin saamgevat is, is die twee *Commissie Joernale* van Hendrik Frappé en Willem van der Lint wat in 1715 na Madagaskar gestuur is om namens die VOC slawe vir die Kaap aan te koop. Daar is meermale skepe uitgestuur om slawe te gaan koop. Ongeveer 20 joernale van sodanige ekspedisies na Madagaskar tussen 1654 en 1795 het in Kaapstad en Nederland behoue gebly, maar hierdie is slegs die tweede een wat ontsluit en gepubliseer word. Madagaskar was ʼn relatief mindere bron van slawe aan die Kaap. Die pokke-epidemie van 1713 het ernstige arbeidsprobleme aan die Kaap tot gevolg gehad en in 1715 is die *Leijdsman* uitgestuur met die opdrag om ʼn beduidende aantal gesonde, sterk, manlike slawe te koop.

Onderhandelinge met die verskillende konings op die eiland werp besonder interessante lig op die slawehandel. Die hardnekkige gekibbel oor pryse toon aan hoe bedrewe die plaaslike handelaars in die vang en verkoop van slawe was. Die slawe was gewoonlik verowerde inwoners van die eiland, of mense wat as straf vir oortredings tot slawerny veroordeel is.

Die handelsmiddele is ook betekenisvol. Arak (rysbrandewyn) was die middel wat gereeld aangewend is om die plaaslike konings en handelaars sag te maak. Die belangrikste handelsartikel was gewere. Hoe belangrik dit geword het, blyk uit die hardnekkigheid van die konings wat nie bereid was om minderwaardige wapens te aanvaar nie. Hoe geglobaliseerd die handel reeds in daardie stadium was, blyk uit die feit dat die kontanttransaksies in Spaanse reale beklink is. So het koning Demanoij byvoorbeeld lank vasgeklou aan ʼn prys van vier snaphane, 4 pond buskruit, 3 pond koeëls en 40 vuurstene per manlike slaaf, maar genoeg arak het hom laat skik op 3 gewere, 2 pond buskruit, 2 pond koeëls en 2 pond vuurstene. Relatiewe waardes in dié mensehandel blyk ook uit die feit dat twee gewere een koei kon koop.

Hoewel die opdrag was dat geen vrouens en kinders gekoop moes word nie, was die *commissien* meermale verplig om hulle as deel van ʼn transaksie te aanvaar. Die konings van Madagaskar was gretig om met die Nederlanders, Engelse, Portugese en Arabiere in slawe handel te dryf. Koning Tokaf was onder andere gretig om die handel te ontwikkel en het onderneem om in die toekoms te sorg dat heelwat slawe in ruil vir twee perde, twee poue, twee volstruise en twee jaghonde wat hy vir teeldoeleindes wou hê, beskikbaar is.

Die twee joernale gee ook interessante beskrywings van die toestande en lewenswyses op die eiland. Hendrik Frappé het byvoorbeeld

daarop gewys dat die inwoners van die eiland verskillende tale gepraat het wat kommunikasie bemoeilik het. Sommige langs die kus het darem ŉ klein bietjie geradbraakte Engels gepraat “eeven gelijk de Hottentots ‘t Hollands rabraaken”.

Hierdie joernale bevestig weer eens die belangrike rol van inheemse slawehandelaars in Afrika en die feit dat die slawehandel ŉ internasionale bedryf was. Die ekspedisie het altesame 200 slawe opgelewer, waarvan 136 manlike en 43 vroulike slawe die reis oorleef het en 21 ter see gesterf het.

Die besondere kunstige versorging van die publikasie verdien spesiale vermelding. Die voorblad is ŉ kleurafdruk van ŉ skildery van die *Leijdsman* met wapperende vlae deur Martin Verseyl. Die kleurafdrukke in die middel is van besondere gehalte en verleen perspektief aan die ervaringe wat in die teks verhaal word. Die mooi bladspieël maak die boek ŉ aangename ervaring om te lees.

Dit is jammer dat die bronnelys aan die einde onvolledig is. Die werke van Blommaert en Harris waarna in voetnote verwys word, ontbreek byvoorbeeld. Die vertaling is besonder leesbaar, maar nie altyd ewe duidelik nie. Die begrip *commissien* is moeilik vertaalbaar en word in die boek op sommige plekke as *supercargoes* (p 85) en ander as *merchants* (p 91) vertaal.

Pieter Kapp
Besoekende Navorsingsgenoot, Departement Geskiedenis
Universiteit van die Vrystaat